

Skryf- en tikriglyne *TN&A*

Taal

Afrikaans of Nederlands. In spesiale gevalle ook Engels. Gebruik die geldende spelling van hierdie tale.

Lengte

- 6000-9000 woorde.

Font en paragrafering

- Vir keuring: Times New Roman 12 punt en spasiëring 1,5; kantlyne 2cm.
- Nie oop reëls tussen paragrawe nie, behalwe voor en na 'n blokparagraaf en voor 'n hofie.
- Die eerste paragraaf onder 'n afdelingstitel kom teenaan die kantlyn. Opvolgende paragrawe moet asseblief ingekeep word.
- Afdelingtitels/hofies net in vetdruk en afdelings genommer (1, 1.1, 1.2, 2 ens.).
- Blok (Justify – Ctrl + J) asb. artikelteks, maar nie die bronnelys nie.

Titel

- Titel van artikel links bo, outeur regs onder titel (beide vetdruk). Die outeur se affiliasie verskyn in kursief (nie vetdruk) heel onderaan die artikel, regs bokant die bronnelys.

Samevatting

- Vir opname in *TN&A* word daar 'n samevatting in Engels van maksimaal 150 woorde nodig. Dit verskyn ná die titel en outeursnaam. Daar moet nie 'n hofie 'Abstract' of 'Opsomming' wees nie. Vertaal asb. die titel van u bydrae na Engels as deel van die samevatting. Vertaalde titel in vetdruk direk bokant samevatting.
- Die samevatting en vertaalde titel verskyn in kursief. Indien daar na boeke titels verwys word in die samevatting, word dit nie gekursiveer nie, maar verskyn dit in gewone skrif.
- Engelse artikels se opsomming moet in Afrikaans of Nederlands wees.

Aanhalings

- By aanhalings word gekrulde dubbele aanhalingstekens gebruik, met gekrulde enkelaanhalingstekens vir 'n aanhaling binne 'n aanhaling.
- Voorbeeld:
Hutcheon (1985: 74) skryf soos volg: "Note that he said 'temporary suspension' and not permanent destruction of 'prevailing norms'."
- Enkelaanhalingstekens word ook gebruik vir woorde in ander tale of beklemtoonde konsepte.
- Voorbeeld:
Hy verkies die term 'veld' bo 'sisteem'.
Die swart feminisme fokus op interseksionaliteit ('intersectionality').
- Lang aanhalings (meer as 40 woorde) word in 'n blokparagraaf geplaas, ingekeep met lettergrootte Times New Roman 11. Onderskei hierdie blokparagrafe deur middel van witreëls van die res van die teks.
- Geen aanhalingstekens word in sulke gevalle gebruik nie.
- Die paragraaf wat op 'n blokparagraaf volg, word nie ingekeep nie.

Kopiereg en befondsing

- Die outeur(s) van artikels moet asb. voordat 'n bydrae vir publikasie voorgelê word, toestemming verkry vir die gebruik van (beeld)materiaal waarop kopiereg berus en die nodige erkenning in 'n eindnota/onderskrif verskaf.
- Alhoewel die redaksie kopieregkwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).
- Erkenning vir befondsing van instansies soos die NRF moet ook in 'n eindnota aangebring word heel aan die einde van die artikel.

Verwysingsmetode

- Maak gebruik van die Harvard-sisteem van titelbeskrywing en verwysing.
- Verwysings in die teks word soos volg aangedui: die naam (name) van die outeur(s), komma, jaar van publikasie, spasie en bladsynommers tussen hakies.
- Voorbeeld:
(Lijphart-Bezuidenhout, 1984: 40-42). Andersins: Lijphart-Bezuidenhout (1984: 40-42) beweer dat [...].
Let op: spasie na dubbelpunt, geen spasies weerskante van strepie.
- In geval van internetbron gebruik net die naam van outeur/webtuiste en jaar van publikasie indien beskikbaar.
- Asb. geen URL in die teks nie.

Note

- Daar word van 'n stelsel van 'Endnote' gebruik gemaak; hulle verskyn onder die hofie '**Note/n**' onder die bronnelys.
- Verwys in teks na eindnote deur Arabiese syfers in boskrif: ^{1, 2, 3, 4}.

Bronnelys

- Die bronnelys verskyn onder die artikel, onder die outeursaffiliësie en bokant die eindnote.
- Gebruik die hofie '**Bronnelys**' in vetdruk vir Afrikaanse artikels. '**References**' in Engels; Nederlandse outeurs verkies die term '**Bibliografie**'.
- Alle publikasies waarna in die artikel verwys word, verskyn agteraan in die bronnelys.
- Rangskik bronne alfabeties volgens outeur se van en daarna chronologies volgens jaar van publikasie indien daar meer as een bron van 'n outeur gebruik is. Indien meervoudige bronne met dieselfde outeur en jaar van publikasie benut word, gebruik a, b, c om tussen hulle te onderskei (bv. **Brink 1993a, Brink 1993b, Brink 1993c**).
- Bronnelys: Outeursvan en -naam/voorletters (soos voorkom in bron) in vetdruk, indien broninskrywing oor twee of meer reëls gaan, word volgende reëls ingekeep (sien voorbeelde onder).
- Indien meer as een outeur, gaan voort om van eerste te plaas en dan naam (bv. **Meyer, S., Swart, G. en Du Plooy, K.**)
- Indien 'n artikel/webplasing naamloos geplaas is, gebruik **Anoniem** as outeursnaam. Wanneer die jaar van publikasie onbekend is, gebruik **s.a.**
- Artikeltitels word nie gekursiveer nie en ook nie in die bronnelys tussen aanhalingstekens geplaas nie. Bladsynommers word net gebruik in die geval van artikels, nie hoofstukke in boeke nie. Afkortings soos p./pp./bl. kan weggelaat word.
- Voorbeelde:

Boek

Groeneboer, Kees. 1993. *Weg tot het Westen. Het Nederlands voor Indië: een taalpolitieke geschiedenis.* Leiden: KITLV.

Artikel

Foster, Ronel. 2004. Poësie as herskrywing van die geskiedenis. Pirow Bekker se historiografiese metagedig “Apollo Smintheus”. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 11(2): 99-126.

Hoofstuk/afdeling in boek

Viljoen, Hein. 1992. Evaluering (literêre). In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Internetbron

Marais, Danie. 2010. Persvrystelling: Nuwe Ingrid Jonkerprys-komitee. Versindaba. <http://versindaba.co.za/2010/09/20/persvrystelling-nuwe-ingrid-jonkerprys-komitee/>. (Datum van gebruik: 15 Desember 2014).

- Redaksionele kommentaar (vertaler, samesteller, ingelei deur, seisoenname in tydskrif-nommers), hoofletters in titel, naam van uitgewer asook plek uitgegee word behou soos aangedui in die oorspronklike bron (sien voorbeeld hieronder).
- Indien ’n latere druk geraadpleeg is, gebruik oorspronklike verskyningsdatum tussen hakies.
- Voorbeeld:
Bakhtin, Mikhail. 1988 (1940). From the Prehistory of Novelistic Discourse. In: Lodge, David (ed.). *Modern Criticism and Theory. A Reader*. London & New York: Longman.

Ander riglyne

- Gebruik vierkanthakies vir [*sic*] en kursiveer.
- Gebruik vierkanthakies indien u kommentaar wil lewer, byvoorbeeld: [kursivering deur my].
- Gebruik vierkanthakies en drie stippels indien u woorde uitgelaat het uit ’n aanhaling.
- Moenie afkortings gebruik nie (skryf ‘onder meer’ en nie ‘o.m.’ nie).
- *TN&A* gebruik nie ‘ibid’ of ‘idem’ nie.

Vir verder voorbeelde sien die SAVN se webtuiste. Alle ou weergawes van *TN&A* is elektronies daar beskikbaar.